## 23 Junie - JUDA

**Skrifgedeelte: Genesis 38 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Genesis 38:29**

In hierdie gedeelte sien ons hoe die mens met sy eie planne nie die Here se raadsplan kan omseil nie. Die verhaal van Josef word onderbreek deur hierdie vertelling van Juda.

Die Here is besig om sy volk in Egipte te vestig deurdat Josef as slaaf verkoop is. Nou lees ons in die eerste vers van hoofstuk 38 dat Juda sy familie verlaat. Hy gaan doen presies dit wat Abraham en Isak wou verhoed. Abraham het seker gemaak dat Isak nie met 'n Kanaänitiese vrou trou nie, en op sy beurt doen Isak dit ook met Jakob.

Juda breek as 't ware met sy kerk en geloof; hy breek sy verhouding met die Verbondsgod en gaan trou met 'n Kanaänitiese vrou. So ook sy seun Er wat met Tamar trou. Die Here gryp in en twee van Juda se seuns sterf. Juda luister nie en dink daar moet fout wees met Tamar. Sy word dan teruggestuur na haar ouerhuis.

Deur die eiewillige optrede van Juda en sy seuns loop die weg na die Verlosser wat gebore moes word, amper skipbreuk. Deur 'n slinkse manier word Tamar dan tog swanger deur Juda self. 'n Tweeling word gebore en Peres, een van die twee, word eindelik die voorvader van Dawid. Jesus Christus is uit die stam Juda gebore. Tamar sowel as Peres vorm deel van hierdie geslagslyn.

Die Here hou sy beloftes gestand al volg die mens sy eie weë; al daal die mens tot die laagste morele vlak.

Jesus het Hom nie geskaam oor sy stamboom nie, en nog minder vir u en my. Hy het ook vir ons sondes betaal aan die kruis en daarom mag ons uitsien na nog 'n belofte van God wat nie sal skipbreuk lei nie, naamlik die wederkoms van Jesus Christus waar ons vir ewig saam met Hom sal bly.

*Sing: Psalm 89:1 (1936-beryming)* *Ds LP van Jaarsveld (Brakpan-Suid)*